# Afrikaans Huistaal

# Assesseringstaak Kwartaal 4

# Graad 3

Naam en Van: ________________________________

Datum: ____________________________________

| Afdeling | | |
|---|---|---|
| 1. Luister en praat | 30 | |
| 2. Klanke | 30 | |
| 3. Lees: Gedeelde lees, groepbegeleide en selfstandige lees | 30 | |
| 4. Skriftelike werk | 50 | |
| 5. Skrif | 15 | |
| Totaal | 155 | |

Afdeling 1

Luister en Praat

Aktiwiteit 1

Punte: 20



Luister na die opdrag, konsentreer mooi en doen presies wat gevra word. Beantwoord al die vrae mondelings.

## Rampe wat ons tref!

Rampe veroorsaak baie skade en selfs die sterftes van mense. Rampe word deur die natuur veroorsaak en dit gebeur net skielik.

Vloede word veroorsaak deur swaar reën. Vloede lei daartoe dat plekke, geboue en huise kan oorstroom. Sterk winde kan mens partykeer baie bang maak as dit om die hoeke van die huis dreun. Sterk winde kan huise se dakke laat afwaai, bome laat omwaai ensovoorts.

Brande is ook 'n nagmerrie. As brande verprei kan velde afbrand wat daartoe lei dat plante en bome afbrand en die diere wat daar woon sterf. Mense kan ook brande veroorsaak deur, byvoorbeeld as mens 'n kers heelnag brand en daarvan vergeet kan dit dalk iets aan die brand steek.

'n Ramp is 'n vreeslike ding!

Beantwoord die volgende vrae mondelings.

1. **Wat veroorsaak rampe?**

   Rampe word veroorsaak deur die natuur.

2. **Is rampe skielik of weet ons dat dit gaan gebeur?**

   Rampe is skielik, ons weet nie dat dit gaan gebeur nie.

3. **Noem 3 rampe wat in die leesstuk genoem word.**

   - Vloede
   - Sterk winde
   - Brande

4. **Deur wat word vloede veroorsaak?**

   Vloede word veroorsaak deur swaar reën.

5. **Wat is die gevolge van vloede?**

   Vloede lei daartoe dat plekke, geboue en huise kan oorstroom.

6. **Wat is die gevolge van sterk winde?**

   Sterk winde kan huise se dakke laat afwaai, bome laat omwaai ensovoorts.

7. **Wat is die gevolge van brande?**

   As brande verprei kan velde afbrand wat daartoe lei dat plante en bome afbrand en die diere wat daar woon sterf.

8. **Hoe kan mense brande veroorsaak?**

   As 'n mens 'n kers heelnag brand en daarvan vergeet kan dit dalk iets aan die brand steek.

| Luister en Praat Rubriek | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 - Benodig hulp | 2 - gedeeltelik | 3 - goed | 4 - uitstekend |
| Woordeskat en taalgebruik | Sukkel om effektief te kommuniker a.g.v. beperkte woordeskat. Kan nie homself/haarself uitdruk nie. | Gebruik 'n beperkte woordeskat. Maak baie grammatikale foute. | Gebruik gepaste woordeskat. Praat in volsinne en gebruik en praat in die korrekte tyd, bv. Verlede, toekomende of hede | Gebruik 'n uitgebreide woordeskat. Praat in volsinne en gebruik korrekte en goeie taal. Gebruik beskrywende woorde. |
| Gebruik gepaste volume en intonasie | Praat te sag of mompel. Moeilik om te verstaan o f hoor | Praat te vinnig. Soms moeilik om te verstaan. | Praat stadig en duidelik. Maklik om te verstaan. Kan die meeste van die tyd duidelik gehoor word. | Praat stadig en duidelik. Kan ten alle tye maklik gehoor en verstaan word. |
| Inhoud | Neem nie deel nie. | Beperkte inhoud. Leerkrag moet vrae stel om duidelikheid te kry | Spontaan. Gee genoegsame inhoud wat van die leerder verwag word. | Spontaan en uitgebrei. Inhoud verskaf meer inligting as wat verwag word. |
| Begripsvaardighede | Die meeste antwoorde is verkeerd | Die meeste van die antwoorde is korrek. | Al die woorde is korrek. | Al die woorde is korrek. Die leerder kon ook dit in volsinne beantwoord. |
| Vra vrae vir duidelikheid | Die leerder moet altyd vrae vra vir duidelikheid omdat hy selde aandag skenk wanneer opdragte gegee word. | Die leerder moet meeste van die tyd vrae vir duidelikheid vra omdat hy/sy omtrent altyd nie aandag skenk wanneer opdragte gegee word nie. | Die leerder hoef die meeste van die tyd nie vrae vir duidelikheid te vra nie, aangesien hy/sy die meeste van die tyd aandag skenk wanneer opdragte gegee word. | Die leerder hoef nooit vrae te vra vir duidelikheid nie, aangesien hy/sy altyd aandag gee wanneer opdragte gegee word. |
| | | | **Totaal /20** | |

## Luister en praat: Aktiwiteit 2

## Punte: 10

Luister na die juffrou se instruksies, konsentreer mooi en voer die opdragte uit.

Jou juffrou gaan vir jou geluide speel van verskillende rampe. Jy moet mooi versigtig luister na al die geluide. Jy moet dan na jou juffrou se tafel gaan as sy jou roep en vir haar verduidelik watter geluide jy alles van rampe gehoor het. Verduidelik in volledige sinne.

Jy sal volgens die volgende rubriek gemerk word:

| Rubriek – Lees en Praat | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Was die leerder instaat om kortliks te vertel watter geluide hy alles gehoor het? | 2 | | |
| 2. Gebruik volume en intonasie terwyl gepraat word. | 2 | | |
| 3. Die leerder kommunikeer effektief en gebruik n uitgebreide woordeskat. | 2 | | |
| 4. Die leerder maak gebruik van gesigsuitdrukkings. | 2 | | |
| 5. Die leerder praat met selfvertroue en maak oogkontak. | 2 | | |
| Totaal | 10 | | |

Memorandum vir geluide:

1. Eerste geluid: Brand
   Bome wat brand en stadig begin omval.

2. Tweede geluid: Donderstroms, reën en storm winde.
   Mens hoor die donderweer dreun en saggies die reën in die agtergrond, asook storm winde.

3. Derde geluid: Sirene wat tornado aankondig.
   Die sirene dui as waarskuwing dat daar 'n tornado oppad is. Mens begin dan die sterk winde van die tornado hoor en glas en huise wat breek soos die tornado verwoesting saai. Mens hoor ook iemand skree wat moontlik deur die tornado opgelig is.

## Afdeling 2

## Klanke

## Punte: 30

1. Klanke toets: Luister na die woorde wat juffrou vir jou sê en skryf hulle neer. (5)

   a. ster

   b. wêreld

   c. spreeu

   d. koud

   e. gluur

2. Lees die volgende sinne en onderstreep die regte homofoon in elke sin. (5)

   a) 'n Toffie is baie ( hart / hard ) en kan 'n mens se tande breek.

   b) Die man ( ly / lei ) die donkie aan 'n tou.

   c) Japanese hou baie van ( rys / reis ).

   d) Ek gaan ( hael / haal ) my skoene in die kamer.

   e) Ben het 'n ( graat / graad ) in sy vis gekry.

3. Kyk na die woorde in die blok en omkring al die woorde wat 'n deelteken moet kry. (5)

| | | | |
|---|---|---|---|
| dae | seel | hoe | vlae |
| | reen | spieel | oe |
| voels | | dieet | vliee |

4. Kyk na die volgende woorde in die tabel en skryf die woord oor met die regte spelling: Met 'n kappie of sonder 'n kappie. Die eerste woord is vir jou gedoen. (5)

| Woord | Regte spelling |
|---|---|
| perel | **pêrel** |
| ster | **ster** |
| werf | **werf** |
| le | **lê** |
| more | **môre** |

5. Lees die volgende paragraaf en plaas 'n kappie en deelteken op die regte woorde. (10)

| |
|---|
| In die môre is dit 'n hele affêre wanneer die voëls in die hoë bome by die brûe roep dat die hele wêreld hulle hoor. Die voëls se oë blink soos pêrels as die nuwe dag begin. Hulle magies is leeg, maar hulle kry nêrens kos nie. |

**Totaal Afdeling 2: __30**

# Afdeling 3

## Gedeelde lees: Lees 'n koerantberig

**Punt: 10**

Lees die koerantberig en beantwoord die volgende vrae. Antwoord in volledige sinne.

# Dag van vlamme

JOLINE VAN DER MERWE

**Brandweerpersoneel en inwoners het Saterdag hul hande vol gehad toe verskeie afsonderlike brande in die Breedevallei en Witzenberg uitgebreek het.**

Party Valleiers moes hard keer om hul eiendomme te beskerm; ander was nie gelukkig genoeg om hul besittings te red nie.

Die ergste brande het tussen Worcester en Rawsonville en in Worcester-Wes uitgebreek. Die plakkers in Worcester-Wes het nie lig daarvan afgekom nie en minstens twee gesinne het feitlik al hul besittings verloor.

Volgens die departement van gesondheid is vyf mense in die hospitaal behandel vir beserings wat veroorsaak is deur brande of rookinaseming.

De Wet Wolfaardt, eienaar van die plaas De Kattehuis langs die Ou N1, sê dit was vir hom een van die ergste brande ooit. "Die vlamme het so gou versprei, daar was nie eers kans vir brandweer nie; ons moes net na veiligheid vlug."

Volgens die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit is dit die ergste brandseisoen in tien jaar, en het brandbestryding dié somer al meer as R5 miljoen gekos. Die brandseisoen duur meesal tot einde Maart.

Volgens die plaaslike en distriksbrandweer was daar ook brande in Zweletemba, Romansrivier in die Breedekloof en Wolwekloof en Wolseley in die Witzenberg-area.




Brandbestrydingsbeamptes het Saterdag hul hande vol gehad, toe minstens ses afsonderlike brande in die Breedevallei en Witzenberg uitgebreek het. FOTO: JOLINE VAN DER MERWE

1. Watter ramp is in die koerantberig? 'n Brand (1)

2. Waar was die brande gewees volgens die eerste paragraaf?

   Die brande was by Breedevalleiv en by Witzenbergv. (2)

3. Wat is die opskrif van die koerantberig?

   Die opskrif is Dag van vlamme. (1)

4. Op watter dag het die brande begin?

   Die brande het op Saterdag begin. (1)

5. Wie het almal probeer om die brande te blus? Noem twee.

Die brandweerpersoneel✓ en inwoners✓. (2)

6. Tot wanneer duur die brandseisoen?

Dit duur tot die einde van Maart. (1)

7. Hoeveel rand se skade het die brande al veroorsaak?

Daar was 5 miljoen se skade. (1)

8. Wat dink jy is die gevolge van brande? Watter skade kan brande veroorsaak?

Leerder se eie opinie, maar iets in die lyn van:

- Huise en geboue brand af.
- Velde brand af – plante word vernietig en diere wat daar woon sterf.

**Punt: ___/10**

Groepbegeleide lees – Lees uit boek

Punte: 10

Lees hardop uit jou eie boek in groepbegeleide leessessie saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.

| Rubriek – Groepbegeleide lees (Lees uit boeke) | | |
|---|---|---|
| 6. Word woorde korrek uitgespreek? | 2 | |
| 7. Verstaan die leerder wat gelees is? | 2 | |
| 8. Lees die leerder vlot en vloeiend? | 2 | |
| 9. Is die leerder duidelik hoorbaar en word tempo afgewissel? | 2 | |
| 10. Word gesigspel en oogkontak gebruik om die teks te verlewendig? | 2 | |
| Totaal | 10 | |

Selfstandige lees - Onvoorbereide lees

Punte: 10

Onvoorbereide leesstuk

## Diere wat ons help


Diere speel 'n baie belangrike rol in ons lewe. Hulle voorsien aan ons kos en ander produkte.

Koeie gee vir ons vleis en lekker melk. Skape gee vir ons wol, sodat ouma vir ons 'n warm trui in die winter kan brei. Hoenders lê eiers wat ons eet en sonder hoenders sou ons nie 'n lekker KFC hoenderboud jie kon geëet het nie. Bye gee vir ons heerlike heuning en help boere om vrugte te produseer.

Sommige diere help ons op ander maniere. Gidshonde help mense wat blind is om van plek tot plek te kom en waarsku hulle teen gevaar. Gidshonde is blinde mense se oë. Polisiehonde het 'n baie belangrike taak om polisies te help om misdadigers te vind.

Ons is baie gelukkig dat daar diere op die aarde geskape is om ons te help.





| Rubriek – Selfstandige lees - Onvoorbereide lees | | |
|---|---|---|
| 11. Word woorde korrek uitgespreek? | 2 | |
| 12. Verstaan die leerder wat gelees is? | 2 | |
| 13. Lees die leerder vlot en vloeiend? | 2 | |
| 14. Is die leerder duidelik hoorbaar en word tempo afgewissel? | 2 | |
| 15. Word gesigspel en oogkontak gebruik om die teks te verlewendig? | 2 | |
| Totaal | 10 | |

## Afdeling 4
## Skriftelike werk: Taal + Kreatiewe Skryfwerk

### Taal
### Punte: 30

1. Skryf die volgende sinne oor deur die regte leestekens te gebruik. (6)

   a) dit het vandag gereën gehael en gesneeu

   Dit het vandag gereën, gehael en gesneeu.

   b) die weer sê maandag gaan daar baie sterk winde wees

   Die weer sê Maandag gaan daar baie sterk winde wees.

   c) my oom bly in die kaap waar daar nou vreeslike brande is

   My oom bly in die Kaap waar daar nou vreeslike brande is.

   d) koeie skape en bye is diere wat ons help

   Koeie, skape en bye is diere wat ons help.

   e) in gauteng en kwazulu-natal is daar baie vloede

   In Gauteng en Kwazulu-Natal is daar baie vloede.

   f) Pasop die vuur gaan jou brand

   Pasop! Die vuur gaan jou brand OF

   Pasop, die vuur gaan jou brand!

2. Kies een van die voegwoorde in die blok en voltooi die sinne. (4)

| | | | |
|---|---|---|---|
| daarom | maar | en | want |

a. Danie se hand is vol blase, want die vuur het hom gebrand.

b. Daar was vloede en sterk winde in ons dorp.

c. Die aardbewing het baie skade veroorsaak, maar daar was darem die sterftes gewees nie.

d. Die brandweermanne het ons baie mooi gehelp, daarom het niemand seer gekry nie.

3. Kyk na die volgede woorde en skryf 'n sin met altwee woorde.
   Leerders se eie sinne. Punt vir elke sin wat korrek is. (10)

3.1.1. hard en hart

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________(2)

3.1.2. reis en rys

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________(2)

3.1.3. graad en graat

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________(2)

3.1.4. ly en lei

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________(2)

3.1.5. haal en hael

_______________________________________________

_______________________________________________

_______________________________________________(2)

4. Skryf die volgende sinne oor en begin met die woord wat gegee word. (5)

4.1.1. Dit donderweer vandag vreeslik erg. (3)

Gister:

Gister✓ het✓ dit vreeslik erg gedonderweer✓.

4.1.2. Die kar spoel weg as gevolg van die vloed. (2)

Môre:

Môre✓ sal✓ die kar wegspoel as gevolg van die vloed.

5. Onderstreep die regte voorsetsel in die volgende sinne. (4)

a. Die water loop ( bo / onder / agter / voor ) deur die brug.

b. Die man kruip ( onder / bo / voor / agter ) die tafel weg.

c. As 'n mens eerste in die ry staan, dan staan jy ( agter / voor / bo / onder ) in die ry.


d. 'n Tsoenami se golwe gaan ( onder / bo ) oor geboue, huise en mense.

**Totaal Taal: ___/30**

# Skriftelike werk: Kreatiewe skryfwerk
## Punte: 20

Kyk na die onderstaande prent. Skryf nou 'n storie oor wat alles in die prent gebeur. Jy kan die mense name gee. Gebruik die woorde in die woordblok om jou te help. <u>Onthou begin jou sinne met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.</u>

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| vloed | sterk winde | storm | reën | gevaar |
| | hulp | helikopter | water | |



| Rubriek – Kreatiewe skryfwerk | | |
|---|---|---|
| 1. **Kwaliteit van storie:**<br>Uitstekende storie – 8 sinne (8 tot 10 punte)<br>Goeie storie – 6 sinne ( 5 tot 7 punte)<br>Onsamehangend – 4 sinne ( 3 tot 4 punte)<br>Swak - ( 1 tot 2 punte) | 10 | |
| 2. Netheid van skryfwerk | 2 | |
| 3. Kreatiwiteit | 5 | |
| 4. Taalgebruik<br>(Kyk na spelfoute, die gebruik van leestekens en hoofletters.) | 3 | |
| Totaal | 20 | |

Punt: ___/20


## Afdeling 5

## Skrif en hantering van skryfgereedskap

**Punte: 15**

Skryf die volgende paragraaf hieronder uit die storie "Diere wat ons help" op die lyntjies oor. Jy moet in lopende skrif skryf.

Diere speel 'n baie belangrike rol in ons lewe. Hulle voorsien aan ons kos en ander produkte.
Koeie gee vir ons vleis en lekker melk. Skape gee vir ons wol, sodat ouma vir ons 'n warm trui in die winter kan brei.



| Rubriek – Lopende skrif | | |
|---|---|---|
| 1. Korrekte lettervorming van kleinletters | 3 | |
| 2. Korrekte lettervorming van hoofletters | 3 | |
| 3. Vorm van boonste en onderste sone van letters korrek $\frac{5}{5}$ (raak letters bo en onder korrek) | 3 | |
| 4. Skriftelike taakvoltooiing t.o.v die voorgeskewe tyd (Werkstempo) | 3 | |
| 5. Algemene netheid van skrif | 3 | |
| Totaal | 15 | |